



UIT DIE PEN

Ek het drie sinne van My Fellow South Africans gehoor. Ek het nie verder geluister nie, want ek het geweet dat die president nie so *stupid* sou wees om weer die ekonomie te sluit nie. Hy sou ook nie die provinsies toesluit nie, want diegene wat so bevoorreg is om te gaan vakansie hou, sou hom persoonlik laat weet het wat hulle daarvan dink. Hy sou niks sê oor die twakkies nie, want hulle het klaar bloedneus gekry in die hof. Die drank sou hy nie verbied het nie, want dis feesseisoen en hy het seker 'n bottel Moët & Chandon waarmee hy 2021 gaan inwy. (As jy lus is vir lank staan, ja, langer as by Binnelandse sake, kan jy vir jou ene aanskaf by Makro vir R499. Volgens hulle webwerf spaar jy R50. Nê. Ek was nog nooit so dors nie.) Jan-Jan Joubert het Sondag interessante kommentaar oor die Oos-Kaap op Kommentaar op RSG gelewer. Ek weet die vorige sin maak nie heeltemal sin nie, maar hy het kommentaar

gelewer op die RSG program, Kommentaar. Nie dat dit nou meer sin maak nie, maar nietemin. Hy meen dat die Oos-Kaapse regering doen wat die Oos-Kaapse regering al sedert 1994 doen: hy weier om enige verantwoordelikheid te aanvaar. Hy sê hulle staan altyd met die bedelbakkie. As hulle die strande sluit, is dit net weer 'n manier om geen verantwoording te doen nie, sê Jan-Jan. En wat het toe gebeur? Die Oos-Kaapse strande is toegesluit. Slot en grendel. So asof daar nêrens 'n afgesonderde plekkie is waar iemand kan gaan lyf natmaak nie.

Wat ek nie kan verstaan nie, is hoekom mense nie op strande toegelaat word nie, maar hulle kan in winkels rondstaan waar daar geen tot min ventilasie is en fisiese afstande nie regtig is wat dit moet wees nie. Dalk binne-in die winkel self, maar nie in die gange wat na die winkels lei nie.

Iedereval. Die Oos-Kaapregering is nou van my lysie af. Soos 'n klomp ander mense of instansies onlangs.

Ek weet nie waar die kopskuif gekom het nie. Dalk omdat ek een oggend wakker geword het en geweet het dat ek nou lank genoeg oor goed gewroeg het wat nie waarde het nie. Of wat nie waarde aan my lewe toevoeg nie.

Ek dink dat ek en Calvyn saam gebore is. Nie letterlik nie. Maar vandat ek kan onthou, het ek, soos wat Calvyn tussen die lyne voorskryf, 'n skuldige gewete. Dalk doen ek nie genoeg nie. (Die feit dat ek vir 'n skoolhoof gewerk het wat die hele tyd vertel het hoe hard Marie werk, het ook nie gehelp nie. Want ek het regtig harder as Marie gewerk.

WEEK AGT-EN DERTIG

Maar skoolhoof het net vir Marie geprys.)

Ek het altyd gevoel dat ek alles moet doen. Mense ekstra spesiaal laat voel. Een Kersfees het ek koekies gebak en dit in mooi houers verpak en as geskenke uitgedeel. Een van die ontvangers het die blikkie oopgemaak, en haar neus opgetrek. "Jy moet tog dat ek jou leer hoe om ordentlike brood te bak. Soos wat ek geleer is."

Nodeloos om te sê dat daardie persoon van toe af slegs gekoopte geskenke van my af ontvang het. Praktiese goed soos sneesdoekies, tandepasta, handroom en seep. Want sy het dit nodig gehad. Ek luister die ander dag na 'n spreker op TEDtalks. Sy sê: Don't spend time you don't have with people you do not like doing things you don't want to do.

En toe ek daardie oggend opstaan, het ek besluit dat dit presies is wat ek gaan doen.

Ek het drie vriendinne daardie dag gebel, wie nie hulle oproepe beantwoord het nie. Dalk om geldige redes. Maar hulle het my nooit teruggebel of 'n boodskap gestuur nie. Ek gaan hulle nie weer bel nie. Nie weer van my kant af probeer nie. Die bal is nou aan hulle kant.

Daar is iemand vir wie ek nogal goed was wat nie geredelik my SMS beantwoord nie. Dit sal ongelees bly vir dae, en dan, eendag, erken sy ontvangs. Ek is lief daarvoor om geskenke uit te deel. So het ek ook vir haar geskenkies gegee. Op 'n dag bring sy 'n asblik sak vol "gemors" om in ons groot asblik te sit. Die

sak is geskeur, en toe ek dit oplig, val daar 'n ongebruikte, onoopgemaakte geskenk uit wat ek vir haar gegee het. Wel, sy is nou geblok op WhatsApp. Totdat ek weer beter voel.

Dan is daar die kollega wat my gereeld op WhatsApp bel, nadat ek 'n boodskap op my profiel gesit het dat ek geen WhatsApp-oproep neem nie. (Ek het nou nog nie goedkoop WiFi nie, en ek hoef myself nie te verduidelik nie.) Nadat daardie kollega my eendag lieflik met 'n bol mis gegooi het (nie letterlik nie, maar sy het my onregverdig en ongeskik behandel) het ek haar ook sommer op WhatsApp geblok. Totdat ek beter voel. En ek voel baie ligter.

In 2021 gaan ek minder tyd spandeer op mense wat my vreugde en my vrede steel. Ek gaan nie tyd mors op mense wat my leegtap nie. En dis dit. Ek gaan nie toelaat dat hulle my angstig maak of my laat sleg voel omdat ek nie so hard soos Marie werk nie. Ek gaan nie toelaat dat iemand my gaan doodpraat nie, ook nie hulle mening op my afdwing nie. Ek gaan nie sleg voel omdat ek nie dadelik aan iemand anders se probleme kan aandag gee nie. Ek gaan met vrede lééf.

Mag jy ook in 2021 'n lééfjaar geniet. Mag die Engelleid van Luk 2:14 vir jou waar wees, soos uit die Bybel vir Almal geneem: "By die mense op die aarde sal daar vrede wees, by die mense vir wie Hy lief is." Geseënde Kersfees en 'n vredevolle en Coronalose 2021.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Braam Taljaard gerig aan die Redakteur.

'N KERSBOODSKAP

Mense het heeltemal die verkeerde indruk oor Kersfees. Dit moenie gaan oor wat ons kan ontvang nie, maar oor hoeveel ons kan gee - gee uit dankbaarheid vir die groot geskenk wat God ons gegee het. Sy Seun. Baie mense gee nie meer geskenke nie. Hulle sê: "Dis te duur!" Kersfees is juis 'n tyd om te gee. Met geskenkies aan ons geliefdes en vriende, en selfs aan 'n straatkind of 'n bejaarde in die ouetehuis, bewys ons juis

ons dankbaarheid. Daarom is dit belangrik om te gee.

Met geskenke sê ons: "Ek gee om!" Dit gaan nie oor wie die duurste geskenke kan gee nie, want dit is nie 'n kompetisie met God nie. Niemand kan 'n groter geskenk gee as Hy nie. Gee 'n klein geskenkie toegedraai in baie liefde en omgee.

Ek persoonlik wil nie duur geskenke hê nie. Eenvoudige dinge maak my gelukkig. Vir my is die grootste geskenk om te kan gee. 'n Geseënde Christusfees aan u almal.

Office National

MORE THAN JUST STATIONERY

HAPPY HOLIDAYS

New Year? Yes, Please!

This year has been like no other and it has taught us to appreciate everything we have. Wishing you and your family happiness & health during this holiday season and through the coming year.

We will be closed from

17:00 on 18 December 2020 and will be reopening 06 January 2021 at 07:30